basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

NOVEMBER 2016

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 31 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)
   AFDELING B: Drama (35)
   AFDELING C: Kortverhale (35)
   AFDELING D: Poësie (35)

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

   AFDELING D: POËSIE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

   Gebruik die kontrolelys op bladsy 3 om jou te help.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

7. Spandeer ongeveer 60 minute aan elke afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. *Kringe in 'n Bos*	35	4
2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*	35	8
3. *Meeulanders*	35	12

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag.

4. *Poppie – die drama*	35	16
5. *Paljas*	35	20

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

6. "Die pakkie"	18	24
"Benedicta"	17	26

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

7. "Kabouterliefde"	18	28
"Kontak"	17	30

KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.

AFDELING	VRAAGNOMMERS	GETAL VRAE BEANTWOORD	DUI AAN (✓)
A: Roman	1–3	1	
B: Drama	4–5	1	
C: Kortverhale	6	1 (Sluit 2 kortverhale in)	
D: Gedigte	7	1 (Sluit 2 gedigte in)	
LET WEL: Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.			

AFDELING A: ROMAN

VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

Drie maande later, toe hy oortuig was dat die goud ook maar net weer 'n droom was, het MacDonald hom een middag onder op die kaai laat roep.

Dit was 'n Maandag. Daar het 'n vreemde man by hom in die kantoor gesit.

"Dit is mister Patterson," het MacDonald hom ingelig. "Hy verstaan nie kitchen Dutch nie, hy kom van oorsee af. Hy wil 'n paar dae lank Bos toe gaan om die loeries te bestudeer en hy soek iemand om met hom saam te gaan." Saul het geweet MacDonald sit en lieg. Ná twee jaar in sy skuur het hy MacDonald se liegstem goed geken. "Aangesien mister Patterson my gas is, het ek gesê ek sal jou met hom saamstuur omdat jy die Bos ken. Hy het 'n kaart van die Bos, een wat ons by mister Harison gekry het. Al wat jy moet doen, is om hom te neem waarheen hy wil gaan. Verder moet jy saans sy tent opslaan en natuurlik ook sy kos maak."

"Die beste plek vir loeries is in Kom-se-Bos."

"Mister Patterson sal self sê waar hy geneem wil wees," het MacDonald ergerlik wal gegooi. "Sorg jy maar net dat hy veilig daar kom en weer veilig terugkom ook. Ek sal vir julle kos vir twee weke laat inpak. As hy langer wil bly, kom haal jy nog. En jy los hom nie alleen en foeter na die houtkappers toe nie! Elke dag wat jy saam met mister Patterson in die Bos is, is jy in my diens."

1.1 "Drie maande later toe hy oortuig was dat die goud ook maar net weer 'n droom was, ..." (Reël 1–2)

1.1.1 Waarom was Saul oortuig dat die storie oor die goud doodgeloop het? (1)

1.1.2 Watter ander droom van Saul het ook op hierdie stadium gelyk asof dit nie sou waar word nie? (1)

1.2 Hoe weet ons (in hierdie uittreksel) dat Saul vir MacDonald goed kon opsom? (1)

1.3 By wie het Saul vir die eerste keer van die goud gehoor? (1)

1.4 Wat het Saul gedink toe hy die eerste keer van die goud in die Bos gehoor het? (1)

1.5 MacDonald het Saul beveel om vir Patterson die Bos te gaan wys.

1.5.1 Wat was die rede waarom Patterson nie in die Bos wou bly nie? (1)

1.5.2 Hoekom wou Saul nie hê Patterson moes omdraai nie? (1)

1.6 Wat moes Patterson, volgens Saul, doen as 'n olifant hom jaag? Noem TWEE dinge. (2)

1.7 Wat het Patterson vir Saul belowe as hy hom uit die Bos sou kry? (1)

1.8 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.8) en die antwoord neer.

MacDonald se uiteindelike plan was om 'n goudmaatskappy te stig, want hy het (gehoop om die Bosmense te verdryf/van mag en geld gehou). (1)

1.9 Saul was die eerste Bosmens wat van die goud geweet het.

1.9.1 Hoe het oom Wiljam en oom Gert Oog gereageer toe Saul vir hulle van die goudstorie vertel het? (1)

1.9.2 Hoe het Saul gedink kon die goud in die Bos sy familie uit die skewe sirkel van die houtkopers wegkry? (1)

1.10 Vertel hoe dit gebeur het dat Arend gesterf het nadat hy en Saul met Patterson op die dorp aangekom het. Gee DRIE feite. (3)

1.11 Na die insident met Arend was Saul kwaad en wou nie meer vir MacDonald werk nie. Hoekom wou hy nie meer vir MacDonald werk nie? (1)

1.12 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.12) en die antwoord neer.

Om te wys hoe ontsteld Saul oor Arend se dood was, het Saul (op Arend se beeshoring geblaas/vir MacDonald met 'n kluit gegooi). (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

"Maar volgende keer sal ons jou vra om ons saak by die Goewerment te gaan stel," het MacDonald bytend bygevoeg. "Jy behoort 'n sprekende voorbeeld te wees van iemand wat hout vir goud verruil het! Miskien sal jy hulle oortuig."

"Julle hardloop met 'n ding weg wat nog glad nie behoorlik oopgekrap is nie," het Saul koelweg volgehou. Dit het nog stiller om hulle geword. "Julle gooi hekke oop wat moes toegebly het. Hoeveel plunderaars, reken julle, kan die Bos nog absorbeer? Of het die houtkopers nou genoeg laat plunder en gee hulle nie meer om vir wat nog oor is nie?"

MacDonald was wit om die mond. "Die Bos bly maar in jou bloed, Barnard. Die lagie goud wat jy bo-oor geplak het, is maar baie dun, nè? Die dae toe jy vir my houtkneg was, het jou skynbaar ook ontgaan!"

Jy kon die dreuning van die see buite hoor, so stil het dit in die saal geword.

"Jy maak 'n fout, *mister* MacDonald, ek dink nie iemand wat vir jou kneg was, kan dit ooit vergeet nie."

Dit was soos die trek van 'n streep, die einde van 'n tydperk.

Hy het omgedraai en uitgestap. Agter hom het die saal in beroering gekom en hy was al 'n hele ent in die straat af voordat die orkes weer begin speel het.

Dit was nagdonker.

1.13 Hierdie uittreksel vertel van die ontmoeting tussen Saul en MacDonald by 'n vrolike danspartytjie.

1.13.1 Waarom was die mense by die danspartytjie baie opgewonde? (1)

1.13.2 Verduidelik waarom Saul nie ook opgewonde was soos die res van die partytjiegangers nie. (1)

1.14 MacDonald wou by die danspartytjie wys dat Saul nie regtig by die inwoners van Knysna inpas nie.

Noem EEN geleentheid vroeër in die roman toe Saul gevoel het hy was nie goed genoeg vir die Knysna-mense nie. (1)

1.15 In die uittreksel is daar konflik tussen Saul en MacDonald.

1.15.1 Waarom, dink jy, kon Saul hierdie konflik met selfvertroue hanteer? (1)

1.15.2 Hoekom het MacDonald juis die sosiale geleentheid gebruik om Saul te konfronteer? (1)

1.16 Waarom, dink jy, kon Saul dit nie regkry om die bos te beskerm nie? (1)

1.17 Saul het gesê die Knysna-mense het weggehardloop met die goudstorie wat "nog glad nie behoorlik oopgekrap is nie". (Reël 4)

Wat het Saul met hierdie aangehaalde woorde bedoel? (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.18) neer, byvoorbeeld 1.18 E.

Na die konfrontasie tussen MacDonald en Saul, het Saul oorhaastig besluit om ...

A op die Pictor weg te gaan.
B 'n hotel in die Bos te bou.
C nie meer vir Kate te wag nie.
D nie meer goud te gaan delf nie. (1)

1.19 "Hy het omgedraai en uitgestap." (Reël 16)

Watter boodskap het Saul met sy optrede hier vir MacDonald probeer gee? (1)

1.20 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.20) neer, byvoorbeeld 1.20 E.

Saul is sosiaal aanvaar en die meisies het hom die ... genoem.

A handsome Dutchman
B ryk hotelmagnaat
C aantreklike dromer
D kwaai delwer (1)

1.21 Kies die karakter in KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.21.1–1.21.4) neer, byvoorbeeld 1.21.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
1.21.1	Hierdie karakter het Saul gewys dat rykdom nie van jou 'n beter mens maak nie.	A	Jozef Barnard
		B	Joram Barnard
1.21.2	Hierdie karakter het Saul gehelp om deel te word van die sosiale lewe in Knysna.	C	Alexander MacDonald
		D	James Stewart
1.21.3	Hierdie karakter het in Saul geglo en hom gemotiveer om sy talente uit te leef.	E	Abraham Steyn
1.21.4	Hierdie karakter sou ook voordeel trek uit Saul se planne vir 'n meubelfabriek.		

(4 x 1) (4)

1.22 Saul het sy drome aan die einde van die roman bewaarheid.

Verwys na EEN droom en verduidelik hoe die droom bewaarheid is. (2)

1.23 Watter kring in hierdie roman het jou die meeste geraak? Motiveer jou antwoord. (1)

[35]

VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS C

"Dis nie wat ek gesê het nie," keer Mana. "Ek het gesê Hanna eet nie meer so baie tjoklits soos voorheen nie, want sy's meer besorg oor haar vel, toe sê julle ..."

"Ek waardeer dit rêrig dat julle almal so besorg is oor my vel," knip ek hulle kort. "Maar dit beteken nié dat ek my tjoklits met die res van die wêreld gaan deel nie."

***

... "Dié keer het jy niks gevra nie ..."

Ek het niks gevra nie oor ek gedog het daar sal nie vanjaar juis geld wees vir geskenke nie, met die nuwe huis en die nuwe baba op pad en alles, en hier kry ek meer geskenke as ooit tevore.

"Maar moenie dink jy gaan die boek vryspring nie," grinnik Beyers en gee vir my 'n dun bundeltjie, in bruin leer gebind, met Shakespeare se sonnette. "Wil jy hê ek moet vir jou een lees?"

Ek is teen dié tyd so oorstuur van opgewondenheid dat ek net kan knik.

"When to the sessions of sweet silent thought, I summon up remembrance of things past," lees my stiefpa met sy diep akteurstem, "I sigh the lack of many a thing I sought ..."

'n Verjaardag wat begin met 'n Shakespeare-sonnet kan nie 'n slegte verjaardag wees nie, sê ek vir myself.

2.1 Hanna was baie bekommerd toe sy hoor Gavin gaan ook daar wees vir haar verjaardag.

2.1.1 Waarom was Hanna bekommerd oor Gavin se besoek? (1)

2.1.2 Hoekom, dink jy, was Gavin nie 'n perfekte pa met Hanna se vorige verjaardae nie? (1)

2.2 Hoe het die gesin daardie oggend van Hanna se verjaardag die dag vir haar spesiaal gemaak. Noem DRIE maniere. (3)

2.3 Hanna het onverwags baie verjaardaggeskenke gekry. (Reël 8–10)

Wat het Hanna hieruit geleer? (1)

2.4 Wat was Tibo en Amos se slim plan met hul verjaardaggeskenk aan Hanna? (1)

2.5 Hanna het minder sjokolade geëet, omdat sy nie ’n mooi vel gehad het nie.

2.5.1 Vir wie in die roman het Hanna oor haar mooi vel bewonder? (1)

2.5.2 Hoekom is die gebruik van die woord “tjoklits” (reël 2 en 5) gepas in hierdie situasie? (1)

2.5.3 Sharon en Margot het Hanna die volgende dag gegrimeer. Watter effek het dit op Hanna gehad? (1)

2.6 “... met die nuwe huis ...” (Reël 9)

2.6.1 Na watter huis het Hanna hier verwys? (1)

2.6.2 Bespreek die ironie in hierdie reël. (2)

2.7 Waarom het Gavin eers laatmiddag by die huis op Botterberg aangekom? (1)

2.8 Wat het Gavin gedoen om Hanna se verjaardag onvergeetlik te maak? Noem TWEE dinge. (2)

2.9 Wat het Yann met die pen as verjaardaggeskenk vir Hanna probeer wys? (1)

2.10 Hoe het die gebeure op Hanna se verjaardag haar siening oor haar gesin verander? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS D

“Wel, haar stem is groot genoeg,” sê Margot met ’n stralende glimlag op haar besmeerde gesig. Ek het haar nog nooit so afskuwelik sien lyk nie. Ek het haar nog nooit so fantasties sien lyk nie. “Dis miskien ook maar goed sy’t besluit om ’n bietjie vroeër op te daag. Oor nog ’n paar weke sou sy ’n reus gewees het.”

“Geluk, Bey,” sê Mana. “Jy’s die pa van ’n dogter.”

Beyers is te oorstelp om ’n woord uit te kry. Hy vryf net met ’n verwonderde vinger oor die baba wat soos ’n klein hondjie aan my ma se bors snuif.

“Kan ek die ander gaan roep?” vra Sharon. “Ek is seker hulle sal ...”

“Nee, wag, ek wil eers die naelstring afbind,” keer Margot. “En haar ’n bietjie afspons. Sy sal my mos nóóit vergewe as ek haar in só ’n toestand aan haar broers voorstel nie. A girl has her pride, you know. Gaan haal gou vir my ’n plastiekkom met warm water.”

Sharon skarrel kombuis toe. Ek hoor hoe Gavin en die seuns begin juig. Hulle klink soos ’n klomp rugby-ondersteuners wie se span pas ’n beker gewen het.

“Dankie, Margot,” sê my ma toe sy die baba weer vir Margot aangee. “Ek sou dit nooit sonder jou kon gedoen het nie ...”

“Jy’t al die harde werk self gedoen,” glimlag Margot.

2.11 “Wel, haar stem is groot genoeg, ...” (Reël 1)

Na wie verwys Margot met hierdie woorde? (1)

2.12 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.12.1–2.12.2) en die antwoord neer.

Tydens die lang geboorteproses het Margot die leiding geneem, want sy was vroeër ’n (2.12.1) (dokter/verpleegster). Na die baba se geboorte wou Mana haar Amanzi noem. Dit wys dat Mana (2.12.2) (egoïsties/eksentriek) was. (2)

2.13 Waarom het Margot vir ’n naelknipper gevra toe sy met die geboorte begin help het? (1)

2.14 Hanna het tydens die hele geboorteproses vir Mana ondersteun.

Verduidelik waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

2.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.15) neer, byvoorbeeld 2.15 E.

Gavin was baie benoud tydens die geboorte en hy het ...

A sonder ophou gepraat.
B heeltyd op en af geloop.
C al die oorskietkos opgeëet.
D net gesit en voor hom uitgestaar. (1)

2.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.16) neer, byvoorbeeld 2.16 E.

Gavin en die seuns het gejuig (reël 14), want ...

A Sharon kon langer by hulle bly.
B hulle kon in die helikopter vlieg.
C Sharon het vertel dat die baba gebore is.
D hulle sou vroeër van Botterberg kon weggaan. (1)

2.17 Wat het Hanna gesê wat daarop dui dat sy dadelik lief was vir haar babasussie? (1)

2.18 Na die geboorte moes Mana en die baba medies ondersoek word.

2.18.1 Wie moes ook Botterberg dadelik verlaat? (1)

2.18.2 Waarom moes hierdie persoon so gou wegkom? (1)

2.19 Kies die karakter in KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.19.1–2.19.4) neer, byvoorbeeld 2.19.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
2.19.1	Hanna kon aan die einde van die verhaal finaal vir hierdie karakter tot siens sê.	A	Margot
2.19.2	Hierdie karakter het belowe om in die toekoms by Hanna-hulle te kom kuier.	B	Gavin
2.19.3	Vir hierdie karakter het die helikopter nie dieselfde redding/uitkoms as vir die ander beteken nie.	C	Fabienne
2.19.4	Hierdie karakter het reg aan die einde die Botterbergvakansie vir die kinders op 'n hoogtepunt laat eindig.	D	Beyers
		E	Sharon

(4 x 1) (4)

2.20 Hanna het die bynaam Hanna Hoekom vroeg in haar lewe gekry. Waarom, dink jy, sou hierdie bynaam nie meer by haar gepas het ná die vakansie op Botterberg nie? (1)

2.21 Die titel van hierdie roman is *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*.

2.21.1 Noem EEN van Hanna se avonture wat as "ongelooflik" beskou kan word. (1)

2.21.2 Motiveer waarom die avontuur in VRAAG 2.21.1 ongelooflik was. (1)

[35]

VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS E

Sheila keer voordat hulle weer begin: "Toe, julle, kom eet eers. Daar's lekker spesiale kos vandag."

"Hmmm, ek ruik braaiboud en aartappels en gebakte poeding en vla," raai Bernard en soen sy ma vinnig op die kroontjie van haar blonde kop. Hy hardloop binnetoe met Tamara agter hom aan.

Sheila kyk hulle agterna. Dis nie altyd maklik om hulle in toom te hou nie. Veral nie as sy die hoofpyne kry nie. Soos vandag met die ekstra spanning van die stemdag.

Die voordeurklokkie lui. Sy stoot haar stoel na die voordeur en gaan maak oop. 'n Jong bruin meisie staan op die stoep. Sy dra 'n dik trui en romp met 'n fabrieksoorjas bo-oor. Haar oë lyk onskuldig, kinderlik verleë.

"Kan ek help?" vra Sheila. Dis ongewoon vir die werkers om by die huis te kom aanklop.

Die meisie klink senuagtig. "Ek moet meneer sien, mevrou."

"Hy is nie hier nie. Is daar miskien 'n boodskap?"

"Waar is hy, mevrou? Dis baie dringend." Die meisie lek oor haar droë lippe.

Sheila kyk haar simpatiek aan. "As dit fabrieksprobleme is, moet jy meneer Brand gaan sien. Hy is mos in die kantoor."

Maar die meisie skud haar kop. "Dit het nie met die fabriek te doen nie, mevrou."

3.1 Sheila was in 'n rolstoel.

3.1.1 Wie het veroorsaak dat sy in 'n rolstoel beland het? (1)

3.1.2 Wat het gebeur dat sy in 'n rolstoel beland het? (1)

3.2 Hoekom het baie mense in Salamanderbaai geglo Fred sou die verkiesing wen? (1)

3.3 Hermanus was opgewonde oor die stemdag.

3.3.1 Wie het die stemdag vir Hermanus kom bederf? (1)

3.3.2 Wat het die persoon in VRAAG 3.3.1 op die stemdag gedoen wat Hermanus so ongelukkig gemaak het? (1)

3.4 Sheila maak die voordeur oop. (Reël 9–10)

3.4.1 Noem EEN rede waarom Kinnie so verleë gevoel het toe Sheila die deur oopgemaak het. (1)

3.4.2 Kinnie en Sheila se gesprek in die studeerkamer was nie so privaat soos hulle gedink het nie. Waarom kan ons so sê? (1)

3.5 Kinnie het eintlik gekom om met Fred te praat.

3.5.1 Waarom wou Kinnie so dringend met Fred praat? (1)

3.5.2 Dink jy dit was reg dat Kinnie by Fred se huis met hom wou praat? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

3.6 Lees reël 9–13.

Hoe kry die skrywer dit reg dat die leser vir Kinnie jammer voel? (1)

3.7 Waarom, dink jy, is Sheila se optrede teenoor Kinnie ’n goeie voorbeeld vir ander mense? (1)

3.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.8) neer, byvoorbeeld 3.8 E.

Sheila het selfmoord gepleeg, want sy het toe gedink dat sy ...

A nie ’n ware vrou vir Fred was nie.
B nie meer die kinders kon hanteer nie.
C nie die verhouding tussen Fred en Schalk kon herstel nie.
D nie die spanning tussen Fred en Hermanus kon hanteer nie. (1)

3.9 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.9) en die woord neer.

Bernard het sy hartseer op Sheila se begrafnis gewys deur (eenkant alleen te sit/ornamente in die huis stukkend te gooi). (1)

3.10 Na Kinnie se dood het Jannerik haar baba Meeuland toe gevat. Vertel in DRIE aparte sinne hoe die baba se koms op Meeuland Elsabet, Ryna en Jannerik se lewens beïnvloed het. (3)

3.11 Jannerik het later by Fred oor Kinnie se geld gaan navraag doen.

Waarom het daardie besoek Fred so bang gemaak? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS F

Die son het verdwyn. Die brandewyn versag die pyn van Jackie. Dit bring ’n warm gloed in haar onderlyf.
Toe Skalla meteens die kajuitdeur oopmaak en voor haar staan, lag sy honend.
Hy dra ’n denimbroek en swart T-hemp en hy kom die enkele treetjies af na haar toe.
“Wat sit jy hier? Wat gaan met jou aan?”

"Ek ... ssit hier as ek wil ... okay?"
Sy lag weer. Hy neem 'n glas en skink vir hom 'n brandewyn uit die bottel wat voor hom staan. Hy kom sit by haar op die leerbank.
"Het hulle jou uitgewerp, Sussie?"
Sy kyk hom aan met verdrietige groen oë.
"Ek ken van uitwerp, Sussie. Moenie worrie nie. Jy kan maar huil ook. Dit help nie. Vat liewers jou goed en neuk weg. Dis al wat help. Want jy sal teen 'n oormag baklei, Sussie. Ek weet wat ek sê."
Sy begin histeries huil. Hy slaan sy arm om haar skouer en vryf haar arm liggies. Die aanraking laat haar effens bedaar. Sy kyk na hom: "Fred het iemand anders."
"Ek weet. Vroue vind hom onweerstaanbaar."
Sy hand beweeg van haar skouer onder haar rooi hare in. Hy lê sy oopgespreide vingers op haar kopvel. "Ek wou nie hê hy moes dit aan jou doen nie. Jy is so mooi."

3.12 Toe Elsabet nog op Meeuland was, het 'n vriendskap tussen haar en Ryna ontstaan.

3.12.1 Gee EEN rede waarom Elsabet aan die begin ongelukkig was oor Ryna se koms na die eiland. (1)

3.12.2 Op watter manier was haar vriendskap met Ryna later tot Elsabet se voordeel? Noem EEN feit. (1)

3.13 Hoekom het Elsabet na haar huwelik met Fred begin drink? (1)

3.14 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.14) en die antwoord neer.

Fred se nuwe boot se naam het vir Elsabet gewys dat Fred (nie sensitief was vir Elsabet se gevoelens nie/hom nie deur sy kinders laat beïnvloed het nie). (1)

3.15 "Sy kyk na hom: 'Fred het iemand anders.'
'Ek weet. Vroue vind hom onweerstaanbaar.' " (Reël 17–19)

3.15.1 Hoe het Elsabet uitgevind van Fred se verhouding met Jackie Stevens? (1)

3.15.2 Dink jy dit was vir Elsabet 'n totale verrassing om van Fred se verhouding met Jackie uit te vind? Motiveer jou antwoord. (1)

3.16 Hoekom het Elsabet gevoel dat sy nie in Fred se huis ingepas het nie? (1)

3.17 Elsabet was in haar krisisuur op pad Meeuland toe. Waarom was dit ironies? (2)

3.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.18) neer, byvoorbeeld 3.18 E.

Schalk het baie jammer vir Elsabet gevoel omdat hy ...

A geweet het sy familie doen alles om raakgesien te word.
B ook deur die familie tot selfmoord gedryf is.
C sy familie en hulle geldmag so goed geken het.
D ook deur die familie eenkant toe gestoot is. (1)

3.19 Hoe het Schalk indirek tot Elsabet se dood bygedra? (1)

3.20 Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.20.1–3.20.4) neer, byvoorbeeld 3.20.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
3.20.1	Hierdie karakter het na ’n verhouding met ’n ander man weer haar lewe herstel.	A	Ryna
3.20.2	Hierdie karakter se besluite het haar eie lewe verwoes.	B	Ousanna
3.20.3	Hierdie karakter was ’n eenvoudige, simpatieke, gasvrye mens.	C	Doreen
3.20.4	Hierdie karakter het na ’n tragiese verlede innerlike vrede op Meeuland gevind.	D	ant Hansie
		E	Elsabet

(4 x 1) (4)

3.21 Watter invloed het Elsabet se dood op Janka se lewe gehad? (1)

3.22 Jacob en Jannerik was ware Meeulanders.

Watter Meeulander (Jacob of Jannerik) het jou die meeste beïndruk? Motiveer jou antwoord met TWEE feite uit die roman. (2)
[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 4: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS G

OU MAN. Poppie is klaar vyftien en haar lyf is vol. *(Praat direk met Mama.)*
MAMA. Poppie ... jy moet begin dink aan trou.
POPPIE. Wil Mama hê ek moet ja sê vir hierdie ou manne wat kom vra vir my? Ga ... ek soek nie die ou manne nie! *(Aan gehoor.)* Maar toe ontmoet ek nou hierdie man van my met wie ek toe mee getroud is. *(Stone beweeg nader aan Poppie.)* Ek het regtig nie eers van hom gehou nie, want hy het van Herschel, in die Ciskei gekom, hy het vir sy oudste boetie, Witbooi, kom kuier en nou kry hy werk in die fabriek as boilerman, maar ek het nooit met hom gepraat nie.
MOSIE. Stap saam met ons na bhuti Witbooi se huis toe, Poppie. Sy jonger boetie kom kuier by hom.
HOEDJIE. Sy naam is Stone, maar hulle sê sommer vir hom ou Klip.
PLANK. Hulle sê hy't klaar 'n ogie op jou ...
POPPIE. Ek is nie lus nie. Ek is nie gewoond aan die mense wat van die land afkom nie. *(Aan gehoor.)* Maar toe begin hy briefies aan my skrywe, so skelm-skelm. Ek was toe sestien.
MIMIEK: Stone skryf terwyl Poppie aan die oorkant van die verhoog op 'n trommel sit en lees. Die familie reageer onder mekaar ... Hier's 'n vryery aan die gang!

4.1 "MAMA. Poppie ... jy moet begin dink aan trou." (Reël 2)

4.1.1 Met wie was Ma Lena getroud toe sy met Poppie oor trou gepraat het? (1)

4.1.2 Hoekom, dink jy, was dit vir Mama belangrik dat Poppie aan trou moes begin dink het? (1)

4.2 "Ek het regtig nie eers van hom gehou nie, want hy het van Herschel, in die Ciskei gekom ..." (Reël 6–7)

4.2.1 Poppie was beïndruk met Stone.

Waarom was Poppie so beïndruk met Stone? (1)

4.2.2 Waarom is dit verkeerd van Poppie om Stone op grond van sy grootwordplek te oordeel? (1)

4.3 Waaruit kan die leser aflei dat Stone 'n romantiese man was? (1)

4.4 Dink jy Ma Lena se opdrag aan Poppie dat sy op vyftien aan trou moes dink, is vandag nog aanvaarbaar? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

4.5 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.5) en die antwoord neer.

Die eerste dag van Poppie se troue was by (Ma Lena/die skoonmense) se huis. (1)

4.6 Kort nadat Poppie en Stone getroud is, is hulle Herschel toe.

Vertel van DRIE dinge wat Poppie op Herschel geleer het. (3)

4.7 Watter gesinstragedie het Poppie en Stone vroeg in hulle huwelik getref? (1)

4.8 Poppie het haar kind Bonsile genoem.

4.8.1 Wat beteken hierdie naam? (1)

4.8.2 Watter karaktereienskap van Poppie kan hieruit afgelei word? (1)

4.9 Poppie en Stone moes al taamlik vroeg in hulle getroude lewe weg van mekaar af wees.

Hoekom het Poppie toe Kaap toe getrek? (1)

4.10 Noem TWEE probleme wat Poppie dadelik ondervind het toe sy in die Kaap aangekom het. (2)

4.11 Hoe het Poppie se skoonouers haar na Stone se dood ondersteun? (1)

4.12 Waarom is die woorde in reël 17–19 kursief gedruk? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS H

1	POPPIE. *(herwin haar krag)* Gaan dit goed met ons Mama en met Baby?
2	HOEDJIE. Hulle is nie seergemaak nie, maar hulle is van ’n kant af gevloek,
3	sê Baby. Dit was voorlat hulle gehoor het Jakkie is oor die grens. Toe’t hulle
4	vir Mama en Baby laat loop.
5	MOSIE. Hulle sal jou kinders ook laat loop. Sodra hulle sien like die kinders
6	het nie verstand van hierdie goete nie.
7	POPPIE. Die kinders sal moet sien lat hulle regkom. Oor alles het ek gekom,
8	maar nou het ek geleer, hieroor kan ek nie kom nie. Want dis nou uit my
9	hande uit geneem, dis nou oorgegee in my kinders se hande. Dis nou my
10	kinders wat voortgaan. Vrede sal daar nie kom nie. Selfs dié wat vrede wil hê,
11	word ingesleep in die moeilikheid. Daaraan sal ons maar gewoond moet
12	word. Daaraan kan ons niks doen nie. Maar God is my getuie, ek het die
13	moeilikheid nie gesoek nie. Van die begin af was dit nie ek wat die
14	moeilikheid gesoek het nie. Here, waar is dit dan lat ek uit jou pad gedraai
15	het? *(Sy vee haar oë, waaruit daar nog nie trane gekom het nie, met haar*
16	*sakdoek af, asof sy die onduidelikheid daaruit wil vee.)*
17	As die Here wil lat jy gaan, sal jy gaan, as die Here wil lat jy bly, sal jy bly.

4.13 "HOEDJIE. Hulle is nie seergemaak nie, maar hulle is van 'n kant af gevloek, sê Baby." (Reël 2–3)

4.13.1 Hoekom is Mama en Baby deur die polisie gearresteer? (1)

4.13.2 Dink jy dit was reg van die polisie om Mama en Baby te arresteer? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

4.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) en die vraagnommer (4.14) neer, byvoorbeeld 4.14 E.

Poppie het ... dat haar kinders hulle eie paadjie van daar af moes loop.

A gedroom daarvan
B gelate aanvaar
C jammer gevoel
D baklei daarteen (1)

4.15 "Selfs dié wat vrede wil hê, word ingesleep in die moeilikheid." (Reël 10–11)

Hoe het Poppie se omstandighede moeiliker geraak as gevolg van die politieke onreg in die land? Gee TWEE feite. (2)

4.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) en die vraagnommer (4.16) neer, byvoorbeeld 4.16 E.

Hierdie uittreksel (TEKS H) vorm die ... van die drama.

A eksposisie
B slot
C motoriese moment
D klimaks (1)

4.17 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.17) en die antwoord neer.

Poppie is die (antagonis/protagonis) van die drama. (1)

4.18 Kies die karakter in KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) en die vraagnommer (4.18.1–4.18.4) neer, byvoorbeeld 4.18.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
4.18.1	Hierdie karakter het beter omstandighede by Poppie gehad.	A	Mosie
4.18.2	Hierdie karakter het vir Poppie aan die leser bekendgestel.	B	Bonsile
4.18.3	Hierdie karakter het Poppie se hart seergemaak met sy geweld teenoor Plank.	C	Hoedjie
4.18.4	Hierdie karakter het Poppie, toe hy op hoërskool was, groot hartseer besorg.	D	Jakkie
		E	Vukile

(4 x 1) (4)

4.19 In reël 16 lees ons hoe Poppie probeer om die onduidelikheid uit haar oë te hou.

4.19.1 Noem TWEE dinge wat vir Poppie onduidelik was en wat sy nie verstaan het nie. (2)

4.19.2 Hoe het Poppie gevoel toe sy hierdie woorde sê? (1)

4.20 Op watter manier was Poppie ŉ goeie rolmodel vir ander oumas? Verwys in jou antwoord na haar kleinkind. (1)

4.21 Die drama sluit af met *Nkosi Sikelel' iAfrika*. Watter boodskap gee hierdie lied aan die leser? (1)

4.22 Poppie se verhaal het eers in romanvorm verskyn. Waarom, dink jy, is dit goed dat dit ook in ŉ drama verwerk is? (1)
[35]

VRAAG 5: *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS I

11. Hendrik is op die stasieperron besig met iets.
Willem gaan staan tien meter van sy pa en wuif vir hom.

HENDRIK: O nee, nie so nie. Sê! *(Die kind hou aan wuif met 'n oop handpalm.*) Sê, Willem. *(Dringend, maar nie onvriendelik nie.)* Sê "tot siens, Pa".

Die kind sien die goudgeel skoolbus aankom. Hy wys vir sy pa.

HENDRIK: Ja, ek sien. *(Hy stap heeltyd nader.)* Sê gou. *(Die kind begin wegbeweeg, maar Hendrik gryp sy elmboog.)* Sê gou – sê "tot siens, Pa".

Die bus stop al.
En Willem ruk los en hardloop. En heeltyd waai hy oor sy skouer vir sy pa.
Hy hardloop oor die spoor.
Hendrik staan en kyk hoe hy in die bus klim. En die bus ry in die vroeë môrelig in.
Hendrik se gesig is heeltemal uitdrukkingloos.
Die bus is nog nie heeltemal weg nie wanneer 'n bakkie van dieselfde kant verskyn waar die bus vandaan gekom het. Dis Frans Lombard se groen bakkie. Hendrik sien hoe die bakkie oor die spoor swenk en werf toe ry.
En Hendrik posisioneer homself só dat hy ongemerk kan sien wat op die werf aangaan.

12. Katrien skrop die kombuisvloer. Haar hare, wat vanoggend netjies gekam was, is klaar bietjie deurmekaar. Tussen die hale van die borsel deur steek haar hand skielik vas. Sy luister, en hoor die bakkie en kom vinnig van haar knieë af orent.

5.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.1) en die antwoord neer.

Hierdie drama speel af in die (Karoo/Boland). (1)

5.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.2) neer, byvoorbeeld 5.2 E.

Die herhaling van Hendrik se woorde, "… sê 'tot siens, Pa' ", beklemtoon dat Hendrik ... voel oor Willem wat nie praat nie.

A desperaat
B verleë
C woedend
D bedreig (1)

5.3 Verwys na reël 3–5.

5.3.1 Hoe lank was dit al dat Willem nie gepraat het nie? (1)

5.3.2 Hoe het die kinders op die skoolbus gereageer op Willem wat nie kon praat nie? (1)

5.3.3 Wat was, volgens Oudokter, die rede waarom Willem nie gepraat het nie? (1)

5.3.4 Watter raad het Oudokter toe aan Hendrik oor Willem se probleem gegee? (1)

5.4 Katrien het baie keer in die drama Hendrik se verkeerde hantering van sy gesin gekritiseer.

5.4.1 Verwys na Hendrik se verkeerde hantering van Katrien, Emma en Willem in DRIE aparte feite. (3)

5.4.2 Waarom was dit verkeerd van Katrien om vir Hendrik voor die kinders te kritiseer? (1)

5.5 “En Hendrik posisioneer homself só dat hy ongemerk kan sien wat op die werf aangaan.” (Reël 18–19)

5.5.1 Wat sê hierdie optrede van Hendrik se karakter? (1)

5.5.2 Noem EEN verskoning wat Frans gebruik het om Katrien te besoek. (1)

5.5.3 Hoe het Emma gewoonlik opgetree as Frans Lombard haar ma besoek het? Gee TWEE feite. (2)

5.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.6) neer, byvoorbeeld 5.6 E.

Die feit dat Katrien vinnig opgestaan het toe sy die bakkie gehoor het, wys dat ...

A sy vir Frans wou wegkruip.
B sy skaam was oor haar voorkoms.
C sy eers wou kyk waar Hendrik was.
D Frans te vroeg in die dag kom kuier het. (1)

5.7 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.7) en die antwoord neer.

Volgens Emma het Hendrik baie oor (onbelangrike dinge/probleemsituasies) gepraat. (1)

5.8 Almal in die McDonald-gesin, behalwe Hendrik, was ongelukkig op die verlate stasietjie.

5.8.1 Wat het Katrien gewens as die trein soggens verbyry? (1)

5.8.2 Hoe het Nollie probeer om die McDonald-gesin gelukkig te maak? Noem EEN feit. (1)

5.8.3 Ná watter gebeurtenis het die dorpsmense finaal gewys dat hulle nie die McDonalds aanvaar nie? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS J

128. Die gesin om die etenstafel. Manuel is nie by nie. Willem aanvanklik ook nie. Hulle eet.

HENDRIK: Wie dink hulle is hulle? (*Hy is baie opgeskroef.*) Wie die moer dink hulle is hulle?
KATRIEN: Hendrik.
HENDRIK: Nee, ek vra. Ons pla niemand. Ons sukkel aan op ons eie manier. Ek laat verdomp niemand my rondneuk met ’n spul mausers nie.
KATRIEN: Dis hoekom ek sê: gaan polisie toe.
HENDRIK: Nee, Katrina. Die polisie is saam met hulle. Ek het gesien daardie dag toe die polisie hier was. Hulle verstaan g’n niks van ons af nie.
EMMA: Pa, ons is nie so ingewikkeld nie.
HENDRIK: Presies! Ons is maar net mense. Wat ons ding op ons eie manier doen. Maar daar’s ’n groot wêreld daar buitekant, my kind, wat sê: Julle doen dit soos ons almal dit doen, of ons maak ons mausers leeg op julle.

Willem het binnegekom en hy staan langs sy ma.

KATRIEN: Sê hy al iets?
WILLEM: Hy slaap.
HENDRIK: Ek is Hendrik McDonald. En ek mág ek wees. En jy mag Emma wees. En Ma en Willem en almal. Nollie Kemp is Nollie Kemp en klaar. Ons is ons met al ons skete en al. (*Hy kyk skielik vir Willem.*) Of wat sê jy, Willem?
WILLEM: Manuel het niemand iets gedoen nie.
HENDRIK: Presies!

129. Manuel lê vir die dak en kyk. Willem staan langs die bed. Hy is besig om Manuel uit te lok ...

5.9 Ná watter gebeurtenis het die McDonalds Manuel die eerste keer ontmoet? (1)

5.10 Verwys na reël 1–2.

5.10.1 Waarom was Manuel nie hier by die gesin aan tafel nie? (1)

5.10.2 Waarom het Willem ook aan die begin nie saamgeëet nie? (1)

5.11 Wie was die "hulle" na wie Hendrik in reël 3 verwys? (1)

5.12 Waarom kan 'n mens verstaan waarom Hendrik in reël 3–4 gevloek het? (1)

5.13 Wat het Katrien probeer regkry deur slegs Hendrik se naam in reël 5 te noem? (1)

5.14 Verwys na reël 9–10.

Die polisie het nie altyd reg opgetree teenoor die McDonalds nie.

Motiveer hierdie stelling met TWEE feite. (2)

5.15 Hoekom kan ons sê die rolle tussen Manuel en Willem het in reël 23–24 omgeruil? (2)

5.16 Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (5.16.1–5.16.4) neer, byvoorbeeld 5.16.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
5.16.1	Hierdie karakter het dit reggekry om die McDonald-gesin te oorreed om na die Volstruisdans te gaan.	A	Emma
5.16.2	Hierdie karakter het die McDonald-gesin gedwing om oor seermaakdinge te praat.	B	Nollie
5.16.3	Hierdie karakter het met skinderstories hartseer vir die McDonalds veroorsaak.	C	Manuel
5.16.4	Hierdie karakter het met paljas die McDonalds se gesinsverhoudings herstel.	D	Katrien
		E	Jan Mol

(4 x 1) (4)

5.17 "Ek is Hendrik McDonald. En ek mág ek wees." (Reël 18)

Watter universele boodskap word met hierdie woorde oorgedra? (1)

5.18 Hoekom was dit reg dat Manuel later weer terug sirkus toe is? (1)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C: KORTVERHALE

STORIEJOERNAAL

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende kortverhale.

VRAAG 6

"DIE PAKKIE" – Leonard Koza

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS K

"Wat is daai onne' djou arm toegedraai in koerantpapier? Djy kommie uit die kamer voordat ek wiet wie is daai wat by die hek staan nie."

Daar is geen manier hoe Esther haar maat by die hek kan waarsku dat daar nou moeilikheid is nie. Op sy beurt kan hy nie loop voordat hy die pakkie by Esther gekry het nie. Nog minder wil Esther haar ma sê wat in die pakkie is en wat haar maat by die hekkie met die pakkie te doen het.

"Gie daai pakkie hie' of sê my wat is daarin," beveel haar ma. Mevrou Filander is vasbeslote om uit te vind wat in die pakkie is.

Esther vee die trane met haar mou af en sê: "Dis nie Mammie se biesagheid nie. Gee my 'n kans en ek sal later explain."

Mevrou Filander is nie tevrede met die antwoord nie. Sy wil nou weet wat in die pakkie is. "Asseblief Mammie, dis anne' mense se goed, los dit net uit. Die mense van hierdie goed is dangerous," soebat Esther.

Haar ma probeer haar vaskeer toe sy wil ontsnap. "Madampie, by my kom djy glad nie verby nie, soe oud soes ek hie' is. Ek wil daai pakkie onne' djou arm hê!" skree haar ma histeries.

6.1 Esther het huis toe gekom met 'n pakkie onder die arm. Wie moes die pakkie aan die einde van die verhaal hê? (1)

6.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.2) neer, byvoorbeeld 6.2 E.

Hierdie verhaal het in Manenberg afgespeel waar ...

A bendes verskillende gebiede beheer het.
B inwoners vir mekaar pakkies afgelewer het.
C die polisie die inwoners goed beskerm het.
D die meeste skoolkinders by dwelms betrokke was. (1)

6.3 Mevrou Filander het glad nie van Esther se "maat" (reël 3) gehou nie.

6.3.1 Wat is Esther se "maat" se naam? (1)

6.3.2 Hoekom het mevrou Filander hom "Mopkop" genoem? (1)

6.3.3 Met watter ander negatiewe naam/woord het sy na hom verwys? (1)

6.4 Dit was ongewoon dat Esther vir haar ma probleme gegee het.

Verduidelik waarom hierdie stelling WAAR is. Verwys in jou antwoord na Esther se normale roetine na skool. (1)

6.5 Mevrou Filander het die pakkie by Esther gevat.

Verduidelik waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.6 " 'Die mense van hierdie goed is dangerous,' soebat Esther." (Reël 12–13)

6.6.1 Watter aanduiding is daar in die verhaal dat Pang gevaarlik is? (1)

6.6.2 Hoekom het Pang mevrou Filander later met respek behandel? (1)

6.7 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.7) en die woord neer.

Mevrou Filander het (bewerig/selfversekerd) opgetree toe sy die voordeur vir Pang oopgemaak het. (1)

6.8 Kies die naam in KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (6.8.1–6.8.4) neer, byvoorbeeld 6.8.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
6.8.1	Hierdie karakter was gelowig en nie gewoond aan moeilikheid nie.	A	Miena
6.8.2	Hierdie karakter is by dwelms ingetrek en het hulpeloos gevoel.	B	Pang
6.8.3	Hierdie karakter het uiteindelik die angs oor die pakkie weggeneem.	C	Slang
6.8.4	Hierdie karakter het gedreig om mevrou Filander te skiet.	D	Esther
		E	Sally

(4 x 1) (4)

6.9 "Esther vee die trane met haar mou af ..." (Reël 9)

Voel jy jammer vir Esther? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

6.10 Het die kortverhaal jou oortuig dat dit gevaarlik is om by dwelms betrokke te raak? Verduidelik jou antwoord. (1)

6.11 Noem iets wat jy dink Esther aan die einde van die verhaal kon doen om haar verhouding met haar ma te herstel. (1)

EN

"BENEDICTA" – Margaret Bakkes

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS L

... Op sy kalm manier het my geneesheerskoonseun alle besluite geneem en reëlings getref – met dié soort beserings is daar vir Christiaan net een plek: 1 Militêre Hospitaal, waar daar deur die jare soveel grenstrauma gehanteer is. Daarheen moet hy so gou moontlik per ambulansvliegtuig vervoer word.

Ons ry deur die indonkerende landskap. Ons praat min. Om ons gedagtes en vrese te deel, is onhoudbaar, want dan gee ons woorde gestalte.

By die Ultra City buite Middelburg vra ek dat ons stilhou. Ek klim stram uit die bakkie, kyk gedisoriënteerd rond om die toilet te soek. Die plek is verlate, sonder 'n mens of 'n motor. Uit 'n glashok beduie 'n swart vrou vir my die rigting.

Dis terwyl ek staan en hande was dat die verskrikking en die vrees en die verlatenheid op my toeslaan. Die trane wat ek heelpad probeer terughou om my oudste kind se onthalwe (hy hanteer rou emosie moeilik, veral by sy ma), spat uit my oë en ek huil soos een wat baie seer het en weet dat hy alleen huil.

Sodat ek nie die persoon sien wat om die hoek verskyn en ontsteld na my kyk nie. Die swart vrou van die glashok slaan haar arm om my.

6.12 "... met dié soort besering is daar vir Christiaan net een plek ..." (Reël 2–3)

6.12.1 Wat was die ernstige besering wat Christiaan opgedoen het? (1)

6.12.2 Hoe het Christiaan hierdie ernstige besering opgedoen? (1)

6.13 "By die Ultra City buite Middelburg vra ek dat ons stilhou." (Reël 8)

6.13.1 Watter soort verteller is daar in hierdie verhaal? (1)

6.13.2 Wat is die funksie van hierdie tipe verteller? (1)

6.13.3 Waarom was die verteller in haar krisissituasie 'n voorbeeld vir ander mense? Verwys na die uittreksel in jou antwoord. (2)

6.14 Christiaan was al vantevore naby aan die dood.

6.14.1 Vertel van DRIE insidente toe hy naby aan die dood was. (3)

6.14.2 Waarom was dit goed dat die verteller hierdie insidente onthou het? (1)

6.15 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.15) en die woord neer.

Die verteller het saam met (Francois/Johannes) na die hospitaal gery. (1)

6.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.16) neer, byvoorbeeld 6.16 E.

Die titel “Benedicta” beteken ...

A leier.
B redder.
C geseënde.
D wonderwerker. (1)

6.17 “Die swart vrou van die glashok slaan haar arm om my.” (Reël 18)

Noem NOG TWEE dinge wat die vrou gedoen het om die verteller te troos. (2)

6.18 Wat het uiteindelik veroorsaak dat die verteller sonder vrees verder gery het? (1)

6.19 Noem TWEE tegnieke wat die skrywer gebruik om spanning in die verhaal op te bou. (2)

6.20 Waarom, dink jy, sal veral ma’s hierdie storie waardeer? (1)
[35]

TOTAAL AFDELING C: 35

AFDELING D: GEDIGTE

VERSJOERNAAL

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende gedigte.

VRAAG 7

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

KABOUTERLIEFDE – Ingrid Jonker
(Vir Simone)

Die kabouter met die rooi-rooi pet
die kabouter met die geel hemp aan
het sy hart gistraand vir my gegee
en sy hemp is vir die maan

Die hoepelronde blou-blou lug
het kadoemps op die grond geval
hy't dit blink-blou in sy hand gerol
toe speel ons daarmee bal

Die sterre met hul wit ligte
het geknipoog toe ons lag
hul't rondom ons in 'n kring getrek
soos 'n laer in die nag

Die aandblom het sy trom-trompet
geblaas in die warrelwindkring
die kalkoentjies met hul rooi mondjies
het die sprinkaan-wals gesing

Die maan met sy geel lyfie
het gaan plat lê op sy rug
hy't gaan slaap by die gousblomme
met sy boepens in die lug

Die kabouter met die rooi-rooi hart
het dit self vir my gesê
hy't die aardbol oor sy kop gegooi
o dis hier waar die liefde lê

7.1 Watter inligting gee die titel oor die inhoud van die gedig? (1)

7.2 Aan wie het die digter die gedig opgedra? (1)

7.3 Wat impliseer die helder kleure van die kabouter se pet en hemp oor die kabouter? (1)

7.4 Haal TWEE aparte woorde uit strofe 1 aan wat bydra tot die romantiese atmosfeer in die gedig. (2)

7.5 "Die hoepelronde blou-blou lug
het kadoemps op die grond geval" (Reël 5–6)

Watter tegniek gebruik die digter om die blou kleur van die lug te beklemtoon? (1)

7.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.6) neer, byvoorbeeld 7.6 E.

Die dinge wat die spreker ... het, het die belangrikste rol in hierdie gedig gespeel.

A geproe
B gevoel
C gesien
D geruik (1)

7.7 Watter aksies van die kabouter dui op die fantasie-element in die gedig? Noem TWEE aksies. (2)

7.8 Kies die term in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (7.8.1–7.8.4) neer, byvoorbeeld 7.8.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
7.8.1	"het sy hart gistraand vir my gegee" (reël 3)	A	klanknabootsing
7.8.2	"het kadoemps op die grond geval" (reël 6)	B	alliterasie
7.8.3	"soos 'n laer in die nag" (reël 12)	C	elisie
7.8.4	"Die aandblom het sy trom-trompet" (reël 13)	D	vergelyking
		E	assonansie

(4 x 1) (4)

7.9 "Die sterre met hul wit ligte
het geknipoog toe ons lag" (Reël 9–10)

7.9.1 Waarna verwys die sterre wat "knipoog" letterlik? (1)

7.9.2 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.9.2) en die antwoord neer.

Die emosie wat die "ons" in hierdie reëls ervaar, is (geluk/ onsekerheid). (1)

7.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.10) neer, byvoorbeeld 7.10 E.

'n Strofe van vier versreëls staan as 'n ... bekend.

A oktaaf
B tersine
C koeplet
D kwatryn (1)

7.11 Waarom kan ons sê dat hierdie gedig 'n universele tema het? (1)

7.12 Verduidelik wat die taalgebruik in hierdie gedig só gepas vir 'n kindergedig maak. (1)

EN

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

KONTAK – Theo de Jager

Ek kon jou met 'n selfoon bel
om te sê dat ek jou baie mis,
maar die kaart was gekrap, die batterye pap
en die boodskap het in die niet verdamp.

Ek het vir jou 'n brief geskryf
en my hart se hoeke daarin uitgewas
maar my pen was krom, my vingers te dom
om die woorde in die koevert te pas.

Toe het ek maar 'n duif gestuur
sonder skrif of klank, en nou wag ek,
hoop ek en bid ek dat hy terug sal kom
met 'n takkie blare in sy bek.

7.13 Vir wie probeer die spreker kontak? (1)

7.14 Watter woord in versreël 1 dui aan dat die spreker nie gebel het nie? (1)

7.15 Watter TWEE probleme het die spreker met die selfoon ondervind? (2)

7.16 Verduidelik reël 4 in jou eie woorde. (1)

7.17 Verwys na strofe 1.

Dink jy die spreker se redes in hierdie strofe om nie kontak te maak nie, was aanvaarbaar? Verduidelik jou antwoord. (1)

7.18 "en my hart se hoeke daarin uitgewas" (Reël 6)

7.18.1 Word die woord "uitgewas" denotatief of konnotatief gebruik? (1)

7.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.18.1 deur te verduidelik wat hierdie aangehaalde woord beteken. (1)

7.19 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.19) en die antwoord neer.

Die spreker gee in strofe 2 sy (koevert/vingers) die skuld vir die brief wat nooit gepos is nie. (1)

7.20 Na watter vorige kommunikasiemiddels wat die spreker gebruik het, verwys die volgende woorde van versreël 10:

7.20.1 "skrif" (1)

7.20.2 "klank" (1)

7.21 Die spreker het in strofe 1 en 2 probeer om kontak te maak, maar dit het nie gewerk nie.

Noem die DRIE dinge wat hy/sy toe in strofe 3 gedoen het. (3)

7.22 Noem 'n simbool wat in die laaste strofe gebruik word en verduidelik wat die simbool beteken. (2)

7.23 Die spreker was nie seker dat die duif sou terugkom nie.

Watter afleiding kan die spreker dus maak? (1)
[35]

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou